# MERENSKY

Landbou Akademie Agricultural Academy

2023-08-03

Oueromsendskrywe 33/2023

## RUGBYSPAN-NOMMERS EN BORGE OP TRUIE VERTOON

Na aanleiding van navrae waarom slegs Merensky Landbou Akademie se eerste rugbyspan nommers en borge op die trui vertoon, deel ons graag hiermee ons oorwegingsredes:

### EENVORMIGHEID

- Eenvormigheid word onder spelers bevorder wanneer al die spanne, van die O/14B-span tot die tweedespan, dieselfde lyk. Almal is gelyk en speel vir span en skool.
- Die eerstespan (met nommers en borge) staan dus uit as die droom of doel waarna spelers kan streef.

### FINANSIËLE VOORDEEL

- Aangesien 'n "algemene" rugbytrui langer as een seisoen kan gebruik word, is die finansiële impak op ouers kleiner. 'n Speler se trui bly sy trui, maak nie saak vir watter span hy speel nie.
- 'n Algemene trui kan ook oorgedra word na jonger boeties, familie of vriende.
- Gedurende 'n seisoen (of rugbyloopbaan) skuif heelparty spelers rond tussen posisies. In hierdie geval hoef daar nie truie geruil of aangekoop te word nie. Die speler se oorspronklike trui pas goed en die speler bly gemaklik.

### TROTS

- Hierdie tradisie moedig spelers aan om nie vir die nommer op die rug nie, maar vir die wapen op die bors te speel.
- Elke trotse Plasie-rugbyspeler kan dan daarna streef om eendag die spesiale eerstespantrui oor sy kop te trek.




hsmerensky.co.za
015 305-7901/2/4 merensky@hsmerensky.co.za
R36 between Tzaneen & Modjadjiskloof
Tzaneen, 0850

**AFSLUITINGS**

- Indien nommers op truie vertoon word, is dit soms moeilik om aan die einde van die seisoen te bepaal wie die meeste op 'n posisie gespeel het en dus geregtig is op die spesifieke nommertrui.
- Groot ongelukkigheid het al in die verlede hieroor ontstaan.

**PRAKTIESE FAKTORE**

- Spelers met nommers op die rug word makliker geteiken, hetsy vir "koop" of afknoeiery. Dit gebeur gereeld op en van die veld af.
- Nommerlose truie wat deur die bank gebruik word, kan makliker op die dag uitgeruil of vervang word in geval van beserings of ander krisisse.
- Spelers leer om hul truie op te pas.

'n Tradisie soos hierdie is nie uniek nie, en word deur al hoe meer skole verwelkom. Skole soos Afrikaans Hoër Seunskool, Grey High School, Hoër Landbouskool Oakdale, Hoër Landbouskool Boland, Pretoria Boys High, Paarl Gimnasium, Midstream College, Hoërskool Waterkloof en Hoërskool Bergsig, sien lank reeds die waarde hiervan in. 'n Rugby-organiseerder van een van bogenoemde skole het selfs genoem dat hierdie tradisie een van die ruggraat-aspekte van hul rugby is.

Alhoewel daar teenargumente mag bestaan, het die oorweldigende positiewe kant van die saak die stryd gewen.

Eendrag maak mag.

M Steyn

Hoof